



# Soldate vir Christus

NG Gemeente  
Rietfontein-Suid

## Die Wapenrusting van God Efesiërs 6:10-20



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

### Les 5 - Die Helm van Verlossing

#### Elke week

Begin met 'n gebed waarin jy God eer dat Hy ons beskerm en vra om elkeen van jou kinders en ook dié wat hulle van God moet leer, parate soldate te maak en volledig sal toerus met Sy Wapenrusting.

#### Maak dit pret!

Blinddoek een van die kinders en laat hom/haar op een plek staan. Die ander moet dan vir hom/haar instruksies gee oor hoe om tot by jou uit te kom. Hulle kan almal tegelyk praat of een-een. Moenie vir hulle sê hoe nie. Hulle moet self die plan uitwerk. Gee hulle so 'n paar minute kans. Maak hulle dan stil en gee jy die instruksies sodat hy/sy by jou kan uitkom.

#### Inleiding

Gesels nou met jou kinders oor wat hulle tydens die speletjie agtergekom of geleer het.

- As jy na al die stemme luister, maak dit jou deurmekaar
- Jy sal eerder na die een stem wat jy vertrou, luister - byvoorbeeld as jou pa of ma daar was

Die helm is om jou brein te beskerm. Dit keer dat jy allerhande bogstories wat jy lees of hoor of sien, glo. Dit keer dus ook dat jy begin twyfel daarin dat God bestaan of dat Jesus jou reeds verlos het.

Net soos 'n hoed jou kop teen die son beskerm en verhoed dat jy later velkanker kan kry, so beskerm die helm van verlossing jou teen die aanslae van die duiwel.

#### Storie

Kyk 'n bietjie in julle Bybels na die heel eerste storie wat vertel word: God se skeppingswerk in Genesis 1.

Ken julle die verskillende dae en wat daarop gemaak is?

1. Lig (dus ontstaan lig en donker)
2. Hemelgewelf (die water in die lug word geskei van die water op aarde)
3. See en land (die waters kom bymekaar en so word die see gevorm)
4. Son, maan en sterre (nou het ons dag en nag, seisoene, dae en jare!)
5. Visse en voëls (die visse om in die see te bly en die voëls om in die lug te wees)
6. Diere (al die diere om die aarde vol te maak, die man en vrou om die aarde te versorg en om God te eer)
7. God het gerus en was tevrede met Sy skepping

Dele van God se  
Wapenrusting

Gordel van  
Waarheid

Borsharnas of  
Borsplaat -  
Vryspraak van God

Skoene van  
Bereidheid om die  
evangelie van vrede  
te verkondig (Bereid  
wees om te vertel)

Skild van Geloof

Helm van  
Verlossing

Swaard van die Gees  
van God - die Woord  
van God

*Alles vir God se goedkeuring en glimlag!*



# Soldate vir Christus

NG Gemeente  
Rietfontein-Suid

## Die Wapenrusting van God Efesiërs 6:10-20

*...vervolg van vorige bladsy...*

Vir elke ding het God 'n tyd en 'n plek. Hy is ons Skepper en ook die Skepper van die heelal. Sonder Hom kon ons nie hier gewees het nie. God het alles wat ons kan sien en beleef, en wat ons is, gemaak. God het die sterrestelsel waarvan ons weet gemaak - dit vat 200 miljoen jaar om een omwenteling te voltooi teen 'n spoed van meer as 780 000km/uur!

Gesels 'n bietjie oor die ongelooflike manier hoe God dit gemaak het. Het julle agtergekom dat die see en die land eers geskei is en daarna is die visse en voëls gemaak? As dit nie so was nie, sou daar mos niks van hulle oorgebly het nie.

Dink wat sou gebeur het as die lig nie eerste geskep was nie...

Die son en maan en sterre - as hulle nie daar was nie, het ons nooit dag en nag gehad nie, geen winter en somer nie, geen lente of herfs nie. God doen alles met 'n plan. En ons is deel van Sy plan!

### **Die Helm van Verlossing**

Om in God te glo is in vandag se lewe moeilik, want ons sien heeldag slegte goed gebeur en hoor leuens oor wie God is of dat Hy ons nie liefhet nie, want daar is dan so baie stories oor mense wat swaarkry en seer het.

Dis presies wat die duiwel wil hê: dat ons moet begin twyfel. Hy weet dat 'n halwe waarheid mense se koppe deurmekaar maak en hulle laat twyfel. Dit is sy plan om ons weg te kry van God af.

#### **Maar:**

God het Jesus aarde toe gestuur om ons van ons sonde te verlos - selfs toe ons nog nie eens daar was nie!

Jy is deel van God se plan - nie sommer iemand wat net op 'n dag begin leef het nie! God het jou met 'n doelbewus geskep vir 'n spesiale rede: Sodat jou lewe moet wys dat God leef en dat jy Sy kind is.

Al is daar slegte goed wat gebeur, moet ons weet dat God ons baie liefhet en nooit sal laat gaan nie. Ons name is dan in Sy handpalm ingegraveer! Sit dus die helm op en glo in jou verlossing!

### **Praktiese toepassing**

#### **Vir die Kleuters tot Graad 4**

Gee vir elke kind 'n papierpop en laat hulle die pop inkleur of versier. Elke week trek hulle die pop dan aan met die spesifieke deel van die wapenrusting wat behandel is

#### **Graad 5 tot 7**

Speel **Swaard in die Skede** en verduidelik dat 'n soldaat nie sy wapen kan gebruik as hy nog nooit daarmee gewerk het nie.

*Alles vir God se goedkeuring en glimlag!*



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

### **Swaard in die Skede**

- Almal hou hul Bybels (swaarde) toe bokant hul koppe ("Swaard in die skede")
- Jy noem 'n versie wat hulle moet opsoek, maar hulle mag nie begin voordat jy die teken gee nie. Noem die versie twee keer stadig en moenie dit weer herhaal nie.
- Teken: "Swaarde uit!"
- Die een wat dit eerste kry, mag die versie lees terwyl al die ander luister
- Voordat hy/sy lees, help al die ander om ook die versie te kry

**Sluit af met gebed - gefokus op die week se tema**